Christus volhard in gebed ondanks doodsgevaar

MENS TOT MENS

- Het jy al aan die slaap geraak terwl jy bid?
    - Hoe laat hierdie menslike swakheid jou voel?
- Op watter wyse word ons versoek tydens ons gebede?

MENS TOT GOD

- SB. 1-1:2&7
- Bid dat ons verby ons eie swakhede sal kyk en steeds ernstig sal bid

GOD TOT MENS

- Lees Lukas 22:39-46*

Agtergrond

Lukas was 'n mediese dokter. Dit word veral vir ons duidelik in die wyse waarop hy veral fisiese aspekte beskryf. Sy fokus in hierdie vertelling gaan oor die fisiese tekens van Jesus se worstelling.

Lukas gee nie werklik aandag aan die ander dissipels of die feit dat hulle aan die slaap geraak het nie.

Lukas is wel die enigste een wat die gedeelte byvoeg van die engel wat Jesus kom versterk het.

*Paralelle tekste – Matt. 26:36-46
Mark. 14:32-42

BESPREKING

- Bestudeer die tydlyn van Luk. 22 (Kyk na die verskillende opskrifte)
    - Op watter wyse word Jesus en die dissipels voorberei vir die kruisiging?
- Vers 39 noem dat Jesus volgens gewoonte na die berg toe gegaan het
    - Wat verklap dit van Jesus se gebedslewe oor die algemeen?
    - Wat verklap dit van Jesus se gebedslewe juis in hierdie tyd van angs?
- Lees weer vers 43&44
    - Watter elemente van God word hier geopenbaar?

MENS TOT MEDEMENS

- Wat staan vir jou uit in hierdie gedeelte in Luk. 22?
- Gebed is 'n emosionele kwessie
    - Hoe kan ons verseker dat ons emosies nie die oorhand kry nie en steeds God se wil soek?
- Vers 41 noem dat Jesus gekniel het
    - Watter rol dink jy speel liggaamshouding in gebed?

MENS TOT GOD

- Laat een persoon afsluit
    - Dank God dat Sy wil geskied
    - Dank God dat Hy ons gebede hoor ondanks ons vrese
    - Vra dat God ons sal versterk sodat ons nie in versoeking kom nie
    - Bid dat ons ernstig sal wees oor ons gebedslewe